

1 GEBED

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2 DEEL (20 minute)

[STILTETYE]
JESAJA 48, 49, 52 en 53

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Jesaja 48, 49, 52 en 53). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3 MEMORISERING (5 minute)

[GOD SE BRONNE]
(1) HEBREËRS 13:5-6

Die twaalfde **reeks (L)** memoriseringsverse gaan oor **“God se bronne”**. Die titels van die vyf Bybelverse is:

1. God se aanwesigheid. Hebreërs 13:5-6
2. God se Woord: Psalm 119:105
3. God se krag. Jesaja 40:10
4. God se wysheid. Jakobus 1:5
5. God se genesing. 2 Kronieke 7:14

Repeteer/Herhaal twee-twee.

(1) God se aanwesigheid. Hebreërs 13:5-6. God self het gesê: “Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.” Daarom kan ons met vertroue sê: “Die Here is my helper, ek ken geen vrees nie: wat kan ’n mens aan my doen?”

4 ONDERRIG (85 minute) [DIE GELYKENISSE VAN JESUS]

DIE ONEERLIKE BESTUURDER

“Die gelykenis van die oneerlike bestuurder” in Lukas 16:1-13 is ’n gelykenis oor RENTMEESTERSKAP IN DIE KONINKRYK VAN GOD.

“’n Gelykenis” is ’n aardse verhaal met ’n hemelse betekenis. Dit is ’n lewensgetroue verhaal of ’n illustrasie wat ontwerp is om ’n geestelike waarheid te leer. Jesus het gebruik gemaak van die gewone dinge en alledaagse gebeurtenisse om lig te werp op die geheimenisse van die Koninkryk van God en om mense te konfronteer met die werklikhede van hul situasie en die noodsaak van hul verandering.

Ons bestudeer hierdie gelykenis m.b.v. die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse (Sien handleiding 9, supplement 1).

Lees Lukas 16:1-13.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Inleiding. Die gelykenis word met figuurlike woorde vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en historiese feite van die agtergrond van die verhaal.

Besprek. Wat is die lewensegte elemente van die verhaal?

Aantekeninge.

Die ryk man. Hy was waarskynlik die eienaar van ’n landgoed (plaas) en die werkgewer. Ons neem aan dat hy ’n regverdige man was, omdat nie hy nie, maar sy bestuurder oneerlik was.

Die bestuurder. Hy was ’n rentmeester of ekonoom, die bestuurder van die landgoed (plaas), aan wie die beheer van die hele landgoed toevertrou was. Hy is by die werkgewer aangekla dat hy sy geld verkwis het. Daar word nie gesê wie hom aangekla het nie of hoe hy die eiendom van die eienaar verkwis het nie. Hy moes wel skuldig gewees het, want hy nie teen hierdie aanklag geprotesteer nie.

Die skuldenaars. Hulle was waarskynlik huurders van ’n stukkie grond op die landgoed. Hulle het hulle huur betaal met ’n vasgestelde deel van hulle opbrengs per jaar. Miskien het hulle ook ’n lening van die eienaar gekry en moes dit

op 'n bepaalde tyd weer terugbetaal. Nietemin, elke skuldenaar het 'n aansienlike skuld by die eienaar/werkgewer gehad.

Rekenskap aflê vir sy taak as bestuurder. Dit was die taak van die bestuurder om die skulde te in. Nadat die werkgewer die aanklag gehoor het, het hy die bestuurder opdrag gegee om rekenskap te gee van sy taak. Hy is nie aangekla van bedrog nie, maar van wanbestuur. Dis moontlik dat hy die besittings van die eienaar nie goed opgepas het nie of dat hy sy taak verwaarloos het. Die eienaar/werkgewer wou die verantwoordelikheid van die bestuurder beëindig en hom 'n kans gee om sy toevertroude taak op orde te bring en goed af te rond voordat hy padgee.

Wat die bestuurder gedoen het. Nadat hy ontslaan was, het die bestuurder niks gesê nie. Hiermee het hy sy skuld erken. Eers wis hy glad nie wat hy moes doen nie. Hy was nie sterk genoeg om met sy hande te werk nie en hy wou ook nie bedel nie. Toe kry hy 'n plan. Hy sou aan bepaalde skuldenaars 'n baie groot guns bewys, sodat hulle later aan hom ook 'n groot guns sou bewys. Hy sou die skulde van die skuldenaars aan die eienaar verminder, sodat hulle later hom aan geld sou help.

Die bedrae op die skuldbewys verander. Hierdie “skuldbewyse” was 'n nota met die verskuldigde bedrag en die handtekening van die skuldenaar ('n “IOU” in Engels), netsoos banknote vandag. Wanneer 'n skuld aangegaan word, skryf die skuldenaar die verskuldigde bedrag op 'n nota en onderteken dit. Die oneerlike bestuurder het die skuldenaars een vir een laat kom om hulle skuldbewyse te verander. Hoe hy dit gedoen het, weet ons nie. As die skuldbewyse op 'n wasplankie (plankie met gedroogde kersvet) geskryf was, dan kon die was gesmelt word en kon mens 'n ander bedrag daarop skrywe en onderteken. As dit op papier (papyrus) geskrywe was, is die ou nota vernietig en 'n nuwe nota opgestel, natuurlik tot groot voordeel van die skuldenaar en tot groot nadeel van die eienaar.

Waarskynlik het die skuldenaars nie eers geweet waarom hulle hul skuldbewyse moes verander nie. Miskien het hulle gedink dat die eienaar die skuld wou verminder. In elk geval het die bestuurder die indruk geskep dat dit 'n opdrag van die eienaar/werkgewer was.

Die werkgewer het die oneerlike bestuurder geprys. “Die werkgewer (letterlik: “heer”) (Grieks: kurios) het die oneerlike bestuurder geprys, nie omdat hy *oneerlik* gehandel het nie, maar omdat hy 'n *slim ding* gedoen het! “Die werkgewer verwys hier nie na die Here Jesus Christus wat die gelykenis vertel nie (vers 1,8b), maar na die werkgewer/eienaar van die landgoed (vers 8a).

Jesus stem saam met die werkgewer/eienaar en sê: “Die mense van hierdie wêreld tree onder mekaar slimmer op as die mense van die lig” (vers 8b). Die oneerlike bestuurder word nie geprys omdat hy oneerlik was nie, maar omdat hy 'n vooruitsiende blik gehad het! Hy het sy toekoms met 'n vooruitsiende blik beplan! Hy was regtig slim, skerpsinnig en wys! Die werkgewer/eienaar het die skuldbewyse nie weer verander nie, omdat almal gedink het dat die eienaar barmhartig teenoor sy skuldenaars was.

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Inleiding. Die verband van die “verhaal” van die gelykenis kan bestaan uit “die agtergrond” en “die uitleg of toepassing” van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* om die verhaal te vertel, of beskryf *die omstandighede* toe die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Lukas hoofstuk 15 en 16.

In Lukas 15, het Jesus drie gelykenisse vertel: oor die verlore skaap, die verlore muntstuk en die verlore seun waarin Hy die houding van God teenoor verlore mense in die wêreld geleer het. Dit het Hy gedoen in reaksie op die slegte houding van die godsdienstige leiers in Israel teenoor die tollenaars en sondaars. Daarin het Jesus *die verkeerde houding van mense teenoor verlore mense in die wêreld* aan die lig gebring.

In Lukas 16 het Jesus twee gelykenisse vertel: oor die oneerlike bestuurder en die ryk man en die bedelaar Lasarus. Dit het Hy gedoen in reaksie op die oneerlike manier waarop die godsdienstige leiers van Israel en ander Jode met geld omgegaan het. Daarin het Jesus *die sondige gebruik van besittinge* (geld, grondstowwe) aan die lig gebring. Volgens Lukas 16:1 het Jesus Hom gerig tot die breë sirkel van sy dissipels. Dit was bedoel vir die Fariseërs wat ook daar gestaan het en dit gehoor het (Lukas 16:14)!

Lukas 16 het drie onderdele:

- Vers 1-13 bring die sondige gebruik van materiële besittings aan die lig.
- Verse 14-18 bring die skynheiligheid van die liefhebbers van geld aan die lig.
- Vers 19-31 leer die verskriklike gevolge van die verkeerde hantering van mense en besittings (welvaart), dus 'n kombinasie van die temas in hoofstuk 15 en 16.

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Lukas 16:1-8a.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Lukas 16:8b-13.

Die uitleg van die uitdrukking: “die mense (letterlik: kinders) van hierdie wêreld” en “die mense (letterlik: kinders) van die lig” (Lukas 16:8b). Hierdie uitdrukking is tipiese Semitiese (Hebreeuse en Arabiese) idiomatiese uitdrukking. Hulle druk uit dat die persoon of ding wat beskrywe word in ’n nou verhouding staan tot wat agter die woorde: “seun van” of “dogter van” staan. Die verhouding kan verwys na “behoort tot” of “lyk op” of “is identies met” wat daar agter die woorde “seun van” of “dogter van” staan. Byvoorbeeld:

- “Die dogter van Sion” = Sion (Hebreeus: bat Tsjion) (Jesaja 1:8)
- “De dogter van Jerusalem” (Hebreeus: bat Jerusalajim) = Jerusalem (Jesaja 37:22)
- “Die dogter van Babel/Galdeërs” (Hebreeus: bat Babel/Kasdim) = die Babiloniërs (Jesaja 47:1)
- “Seun van ’n mens” (Hebreeus: ben adam) = mens (Esegïël 2:3).
- “Iemand soos ’n menslike wese (letterlik: seun van ’n mens) = ’n mens” (Aramees: bar enash) (Daniël 7:13).
- “Uit Egipte het Ek my seun (Hebreeus: beni) = Israel geroep” (Hosea 11:1).

En byvoorbeeld,

- “kinders van die wêreld” (Grieks: hoi huiou tou aiónos) verwys na die nie-Christene wat behoort tot die sondige en duistere wêreld
- “kinders van die lig” (Grieks: tous huiou tou fótos) verwys na die Christene wat behoort tot die Lig van die wêreld (Jesus Christus) en sigbaar lyk op Jesus Christus. Hulle besit die lig van kennis, wysheid, heiligheid, vreugde, ens. (Lukas 16:8b; 1 Tessalonisense 5:5). Hulle vorm ’n skerp kontras met “die seuns (kinders) van die (sondige) wêreld” (Lukas 16:8a).

Dus, Jesus sê dat die nie-Christene dikwels wyser dan Christene is, omdat hulle op ’n skrandere wyse voorsorg tref vir hulle toekoms!

Die uitleg van die uitdrukking “die oneerlike bestuurder” (Lukas 16:8). Letterlik: “die onregverdige ekonoom” (Grieks: oikonomos téis adikias). Dit is ’n verwysing na die oneerlike bestuurder. Dit bewys dat Jesus hom nie prys vir sy onreg en oneerlikheid by die gebruik van wêreldse goedere nie! Ook in vers 10-12 bewys Jesus heel duidelik dat Hy oneerlikheid nie aanprys nie.

Die uitleg van die uitdrukking “die oneerlike Mammon” (Lukas 16:9). Dit is ’n personifikasie van wêreldse rykdom, besittings en geld. Jesus sê nie dat welvaart, rykdom, besittings of geld opsig verkeerd (sondig) is nie, maar wel dat by die bymekaar maak van geld en rykdom baie onreg en oneerlikheid plaasvind (1 Tessalonisense 6:9-10)! Daarom beteken die uitdrukking “wêreldse rykdom wat maar baie tydelik is” in teenstelling tot “hemelse rykdom wat ewig is” (Lukas 16:11).

Die uitleg van die uitdrukking “julle sal ontvang” (aanvoegende wys, aoristus tyd, middel) in die ewige tente” (Lukas 16:9). Die uitdrukking beteken dat die mense wat profiteer van jou investering van aardse rykdom en geld, jou in die toekoms in die hemel sal verwelkom (sien 2 Korintiërs 5:1). Dit staan in teenstelling tot vers 4 waar mense wat geprofiteer het van die bedrog van die oneerlike bestuurder hom later op die aarde in hul huise sou opneem as hy werkloos geword het.

Hierdie uitdrukking leer nie dat die liggame van sommige mense eerder dan dié van ander in die hemel opgeneem sal word nie (d.w.s. dit is nie ’n verwysing na die sogenaamde “opname van die Gemeente” nie). Dit beteken niks meer dat die geeste (siele) van mense wat geprofiteer het van jou aardse besittings of geld, jou goeie daade voor God in herinnering sal bring. In hierdie verband kon ook die gees (siel) van die bedelaar Lazarus geen hartlike welkom gee aan die gees (siel) van die ryk man nadat hy oorlede was nie, omdat die ryk man niks in die arm bedelaar Lazarus op die aarde geïnvesteer het nie (Lukas 16:23-25).

Die toepassing. Wees slim soos die mense van hierdie wêreld. In Lukas 16:8b sê Jesus, “Die mense van hierdie wêreld tree onder mekaar (letterlik: in hul eie generasie) slimmer op as die mense van die lig.” Die eenaar van die landgoed prys die oneerlike bestuurder omdat hy baie verstandig gehandel het – en dis geen verwysing na sy oneerlikheid nie. Hy prys sy vooruitsiende blik en beplanning vir die toekoms. Jesus sê dat Christene dit ook sou moes doen: met ’n vooruitsiende blik hul ewige toekoms in die hemel (en op die nuwe aarde) beplan!

Dus, Jesus leer sy dissipels om slim (verstandig, skrand, wys, skerpinnig) te wees soos die nie-Christene in die wêreld). Christene moet nie alleen met betrekking tot vandag op die aarde slim wees nie, maar ook met betrekking op die toekoms in die hemel. Daar is egter ’n groot verskil tussen nie-Christene en Christene. Nie-Christene beplan hul toekoms deur middel van oneerlikheid (onreg) en Christene beplan hul toekoms deur middel van eerlikheid (reg) wat ’n belangrike norm of waarde in die Koninkryk van God is!

Die toepassing. Gebruik aardse besittings om vriende te maak. In Lukas 16:9 sê Jesus” “Gebruik die oneerlike Mammon om vir julle vriende te maak sodat wanneer die geld nie meer kan help nie (d.w.s. julle gebrek ly), hulle (d.w.s. hierdie vriende) julle in ewige wonings sal ontvang.” Jesus leer sy dissipels om hulle toekoms te beplan met ’n vooruitsiende blik. Mense wat aan hierdie sondige en duistere wêreld behoort, gebruik hul geld en besittings om vriende op aarde te maak. Daardeer skep hulle vir hulself ’n netwerk van kontakte deur wie hulle profyt (sukses, mag, eer, rykdom) kan verwerf. Helaas lewe hierdie “vriende” net solank as wat hulle ryk bly en geld besit. As dit onklaar geraak het, verdwyn hierdie “vriende” soos die oggendmis (Spreuke 19:4). En omdat hulle dikwels handel dryf deur middel van oneerlike transaksies soos omkoperij en bedrog, maak hulle ook baie vyande op die aarde! Bowendien lewer al hul

inspanning alleen maar tydelike waarde op, omdat hul sogenaamde vriende (kontakte), profyt en sukses alleen maar standhou tot hul dood. Hulle het niemand wat hulle in die toekoms in die hemel sal verwelkom nie en ook geen woning in die hemel of op die nuwe aarde nie!

In teenstelling daarmee maak Christene deur middel van hul aardse besittings en vermoëns regte vriende. So lank as wat hulle op die aarde lewe, behoort hulle hul aardse rykdom (vermoë, besittings, geld) te investeer te gebruik om die Koninkryk van God te bevorder. Wanneer Christene sterwe, sal die mense wat van hul investering geprofiteer het, hulle in die hemel verwelkom! Christene moet met vooruitsiende blik en verstand hul ewige toekoms beplan! Hulle moet hul besittings en geld met die oog op die ewigheid investeer! Dus, Jesus leer sy dissipels om hul besittings en geld te gebruik om mense vir die Koninkryk van God te wen, hulle op te bou, die behoeftiges te help en alles te doen om God se Koninkryk en heerlikheid op die aarde te bevorder! Christene investeer hul geld in die hemel deur op hierdie manier hul rykdom (besittings) op die aarde te beheer (sien Prediker 11:1; Matteus 6:19-21; 1 Timoteüs 6:17-19).

Die toepassing. Wees betroubaar in die kleinste dinge en ook in groot dinge (Lukas 16:10-12). Dit slaan op besittings en op verantwoordelikhede. Jesus benadruk betroubaarheid en eerlikheid in die kleinste dinge, d.w.s., in die aardse besittings en geld. In Lukas 16:10 sê Hy, “Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar.” Die tydelike aardse besittings, geld en rykdom is in vergelyking met die ewige hemelse rykdom baie minder werd! Betroubaarheid in klein dinge (take, verantwoordelikhede) sal lei tot betroubaarheid in groot dinge (take, verantwoordelikhede)! God sal aan wie betroubaar is en trou bly in onopvallende klein dinge wat God aan hom toevertrou het, groter take (verantwoordelikhede) in God se Koninkryk toevertrou. God sal aan wie verantwoordelik en effektief sy aardse besittings beheer, hemelse besitting van God kry om te beheer.

In vers 11-12 staan die volgende parallelisme: “Die oneerlike Mammon” (die wêreldse welvaart) is parallel aan “’n ander man se goed” en verwys na *die aardse besittings* en geld wat altyd aan God behoort, selfs as Hy dit aan ons toevertrou om met wysheid en verantwoordelikheid daarmee handel te dryf. En “die ware rykdom” is parallel aan “julle eie besit” en verwys na *die hemelse besittings* wat bestaan uit die Koninkryk van God wat God aan gelowige mense skenk as hul erfenis (Matteus 25:34; Hebreërs 12:28).

As ’n Christen bewys dat hy betroubaar en getrou is, d.w.s., dat hy met wysheid en verantwoordelikheid met aardse besittings en geld omgaan, dan sal God aan hom die ware rykdom toevertrou wat bestaan uit die Koninkryk van God wat Hy vanaf die skepping van die wêreld vir Christene voorberei het en wat dus aan Christene behoort! Dus, Jesus leer sy dissipels dat daar ’n nou verband bestaan tussen die manier waarop hulle dit wat God aan hulle toevertrou op die aarde, beheer en wat God aan hulle in die hemel en op die nuwe aarde sal toevertrou om te beheer. Dis waar dat wanneer iemand in Jesus Christus gaan glo, hy reeds ’n erfgenaam is van die Koninkryk van God (Johannes 3:3-8). Dus, ’n betroubaar en getrou Christen word al hier op die aarde toevertrou met die beheer van sake van die Koninkryk van God of met die beheer van Christene en christelike aktiwiteite in die Gemeente/Kerk. Nietemin, die nadruk lê op ’n erfgenaam wees van die Koninkryk van God in sy definitiewe fase van die nuwe hemel en die nuwe aarde. Die reël vir Christene is: rig jou oë nie op die sigbare (maar tydlike) werklikheid nie, maar op die onsigbare (ewige) werklikheid (2 Korintiërs 4:18;5:7).

Die toepassing. Jy kan nie vir God en vir Mammon (geld) tegelyk dien nie (Lukas 16:13). Jesus benadruk dat ’n Christen nie vir God en vir geld tegelyk kan werk nie. Die psigologiese spanning wat opbou in die siel van die mens wat dink dat hy vir God en vir geld tegelyk kan werk, word so groot en ondraaglik dat dit vroeër of later laat uitkom waar sy ware trou lê! Sommige mense dink dat hulle God kan gebruik om geld te maak en dat hulle God kan aanbid ten einde ryk te word (1 Timoteüs 6:5). Maar Jesus leer dat sy dissipels moet kies om God lief te hê en te dien, ingeslote deur die gebruik van hul aardse besittings en geld om so die belange van God in hierdie wêreld te bevorder.

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Inleiding. Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in ’n gelykenis noodsaaklik ’n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van ’n gelykenis versterk die sentrale punt, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van ’n gelykenis ’n geestelike betekenis toeskryf nie!

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

Aantekeninge.

Jesus gee aan geen detail ’n besondere betekenis nie. In hierdie gelykenis is daar ’n aantal details waaraan ’n mens geen spesiale betekenis moet gee nie.

Die ryk man. Dit is nie ’n relevante detail nie. “Die ryk man” moet nie uitgelê word as ’n verteenwoordiger van Jesus Christus of Mammon of wie ook al nie.

Die bestuurder. Dit is ’n relevante detail, omdat hy die sentrale figuur in die gelykenis is. Maar hy verteenwoordig nie die Christen nie, omdat ’n Christen nie noodwendig oneerlik is nie! “Die oneerlike bestuurder” is eerder die teenoorgestelde van wat ’n ware Christen moet wees!

Die werkgewer het die oneerlike bestuurder geprys vir die slim ding wat hy gedoen het (Lukas 16:8a). Dit is 'n relevante detail. Die bestuurder self en wat hom kenmerk, naamlik dat hy oneerlik is, is nie relevante details nie. Wat relevant is en hom kenmerk is naamlik: dat hy 'n slim ding gedoen het; dat hy slim (verstandig, skrand, skerpsinnig) handel gedryf het! Sy vooruitsiende blik en praktiese wysheid om wêreldse besittings en geld te gebruik om sy toekoms veilig te stel, is die sentrale boodskap van hierdie gelykenis en is dus 'n relevante detail. Netsoos die werkgewer die verstand en praktiese wysheid van sy bestuurder prys, so prys die hemelse Vader die verstand en praktiese wysheid van Christene wanneer hulle hul aardse besittings en geld gebruik om die Koninkryk van God te bevorder.

Die skuldenaars en hul skulde. Dit is nie 'n relevante detail nie. Die skuldenaars en die bedrae wat hulle skuld, het geen spesiale betekenis nie. Hulle is details wat alleen die verhaal van die gelykenis versterk.

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Inleiding. Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitleg of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitleg. 'n *Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les.* Daarom moet ons nie probeer om 'n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van 'n gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

Die gelykenis van die oneerlike bestuurder in Lukas 16:1-13 gaan oor “rentmeesterskap in die Koninkryk van God.”

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “Christene moet slim (verstandig, skerpsinnig) wees met betrekking tot hoe hulle met hul aardse besittings en geld vriende vir hulleself vir die ewigheid maak.” 'n Slim ding doen is om met 'n vooruitsiende blik (visie), onderskeidingsvermoë en praktiese wysheid jou in te sit vir die Koninkryk van God.

Rentmeesterskap is één van die fundamentele kenmerke van God se Koninkryk. Die ware burgers van God se Koninkryk gebruik hul aardse besittings en geld (vermoë) om die Koninkryk van God hier en nou te bevorder en mense vir God se Koninkryk te wen. Die verantwoordelike gebruik van aardse besittings en geld sal seker beloon word. Alle mense wat vir die koninkryk van God gewen word en geestelik geseën word deur die verstandige en wyse gebruik van aardse besittings van Christene, sal hierdie Christene verwelkom wanneer hulle in die hemel kom!

Tot 'n sekere mate vertrou God aan Christene hier en nou al op die aarde die beheer van die sake van die Koninkryk van God en sorg vir die burgers van die Koninkryk van God toe. Nietemin, lê die nadruk op die beërwe van die Koninkryk van God in sy laaste en definitiewe fase in die hemel en op die nuwe aarde. Die burgers van God se Koninkryk rig hulleself nie uitsluitlik op die sigbare empiriese werklikheid nie, maar ook op die onsigbare geestelike werklikheid; nie op wat tydelik is nie, maar op wat ewig is!

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Inleiding. Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van 'n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.

Ontdek en bespreek. Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?

Aantekeninge.

(1) Die gelykenis van die oneerlike bestuurder (Lukas 16:1-13).

Die gelykenis van die oneerlike bestuurder leer Christene om *slim* (verstandig, skrand, skerpsinnig) te wees. Christene moet met vooruitsiende blik (visie), skerp onderskeidingsvermoë en praktiese wysheid hul aardse besittings en geld gebruik. Christene moet hul voortdurend rig op die geestelike werklikheid wat onsigbaar, maar wel ewig is (2 Korintiërs 4:18; 5:7).

Matteus 6:19-24 leer 'n soortgelyke verantwoordelikheid. Christene moet skatte bymekaar maak in die hemel en nie op die aarde nie! Niks kan hul skatte in die hemel vernietig nie! Natuurlik versamel Christene skatte op 'n volkome eerlike, verstandige en verantwoordelike manier! Die manier om regtig waardevolle besittings te vermenigvuldig, is om jou aardse besittings in te sit vir die uitbreiding van die Koninkryk van God.

(2) Die gelykenis van die ryk dwaas (Lukas 12:13-21).

Die gelykenis van die ryk dwaas leer dat Christene *onselfsugtig* moet bly met betrekking tot hul aardse rykdom, besittings en geld. Hulle moet nie vir hulleself leef nie, maar moet in elk aspek van hul lewe met God rekening hou. Hulle moet bewus in afhanklikheid van God lewe.

(3) Die gelykenis van die ryk man en die bedelaar Lazarus (Lukas 16:19-31).

Die gelykenis van die ryk man en die bedelaar Lazarus leer dat Christene verantwoordelik is vir hoe hulle met die onbevoorregte mense in die wêreld en met hulle aardse besittings, rykdom en geld omgaan. Die gevolge van hierdie verantwoordelikheid of gebrek aan verantwoordelikheid met betrekking tot hul lewenstyl hier op die aarde is onomkeerbaar na de dood! Christene is verantwoordelik om vriende te maak met verlore mense, onbevoorregte mense en veragte mense in hierdie wêreld.

(4) Die gelykenis van die talente (Matteus 25:14-30).

Die gelykenis van die talente leer dat Christene *trou* hul besittings, verhoudings en geleenthede (kanse) wat God aan hulle toevertrou, moet insit ook as dit maar net één talent is!

6. Maak 'n samevatting van die belangrikste leerstellings in hierdie gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrikste waarhede of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenis? Wat leer Jesus Christus aan ons om te *weet*, te *glo*, te *wees* en te *doen*?

Aantekeninge.

(1) Alle mense moet weet hoe God is.

God het sy besittings aan mense op die aarde toevertrou sodat hulle goeie rentmeesters van die aarde en alles op die aarde sou wees. God is baie betrokke by wat hier op die aarde gebeur. Die aarde en alles daarop is deur God vir die mens geskep om dit te beheer (Genesis 1:28). God sal die mense verantwoordelik hou vir hoe hulle met die aarde omgegaan het.

(2) Christene moet weet hoe hulle behoort te wees.

God eis nie alleen dat mense onselfsugtig leef nie, maar ook dat hulle betroubaar en trou sal wees met betrekking tot alles wat aan hulle toevertrou is. Hy leer dat Christene met 'n vooruitsiende blik (visie), skerp onderskeidingsvermoë en met prakties wysheid hul besittings (rykdom, vermoëns, geld) moet gebruik, omdat hierdie dinge per slot van sake aan God behoort en aan mense toevertrou word om die Koninkryk (koningskap) van God op die teenswoordige aarde te bevorder.

Geen mens mag daarop aanspraak maak dat alles wat hy besit uitsluitend syne is nie! Die mens is geen besitter, maar rentmeester van God se besittings! Wat 'n mens besit, is deur God aan hom toevertrou. God hou die mens verantwoordelik en sal verantwoording van hom eis.

Geen nasie of bedryf of individu mag daarop aanspraak maak dat die land waar hy woon en die grondstowwe in daardie land wat God aan hulle toevertrou het, uitsluitlik hul eiendom is nie. Mense is *alleen rentmeesters* van die land en sy grondstowwe. Geen maatskappy mag die reënwoude afkap, die riviere vervuil, die see leeg vis, die wilde diere uitroei, ens. nie! Alles op die aarde behoort aan God en elke menslike regering, maatskappy of individu sal rekenskap moet aflê aan God in die laaste oordeel oor hoe hulle hul verantwoordelike rentmeesterskap oor God se besittings op die aarde uitgevoer het!

5	GEBED (8 minute)	[REAKSIES] GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
----------	-------------------------	---

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	---------------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die gelykenis van “die oneerlike bestuurder” saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **Jesaja 55, 58, 59 en 61**. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. **(2) God se Woord. Psalm 119:105**. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. **Romeine 11:1-36**. Maak gebruik van die vyf stappe-metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.